# HK Sondag 27 v/a 74

**Mat 28:16-20; Luk 19:1-10; Hand 16:9-34; Gen 17:1-14**

**Moet ons kinders ook gedoop word?**

**September 2014.**

Ps-vooraf Ps 13: 1, 3, 5

## Ontmoetingsdiens.

***Votum***

**“Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het.”**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**

**en die Here Jesus Christus.”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 105: 1, 2, 4

## Woorddiens.

***Gebed om verligting***

**As vereenselwiging met die gebed sing ons:** Ps 119: 26, 28

**Die doop gaan nou bedien word aas 'n verbondskind in ons Kerk:**

Albert Johann Van Rooyen.

**Sing:** Ps 105:5

***Die woord van die HERE spreek tot ons uit:*** Mat 28:16-20; Luk 19:1-10; Hand 16:9-34; Gen 17:1-14

***Ons sing na prediking as antwoord op die Woord*** Ps 102: 1, 8, 12

***Prediking.***

In ons prediking vanaand, gaan ons fokus op Sondag 27 v/a 74.

Daar lees ons die volgende: *(lees dit)*.

**Inleiding**

Geliefdes in ons Here Jesus
hoe wonderlik is die HERE se verlossing nie net nie!
Wat ‘n wonder dat ons
wat so totaal verdorwe en verlore was
deur die geloof in Christus ingelyf[1] ewig kan leef!

En dan in Christus ingelyf regverdig voor God kan staan
met die geregtigheid van Christus in Wie ons is.

* * * * *

Ja hoe wonderlik werk die HERE nie net nie!
En dan gaan hierdie wonder nog verder.
Want die geloof waarmee ons na Christus toe gaan
het die HERE in ons bewerk deur Gees met sy Woord.

En by dit alles versterk die HERE ons geloof
deur sy Gees met die sakramente.[2]

* * * * *

1 Sondag 7 v/a 20

2 Sondag 25 v/a 65

Ook met die sakrament van die doop.

En nou'sit juis hieroor    oor'ie doop
   waarvan ons nou-net getuie kon wees
dat ons vanaand meer wil leer.

En dan gaan ons stilstaan by die baie belangrike vraag
van **_Sondag 27 vraag 74_**   wat vra:
*"Moet die jong kinders (of babas[3]) ook gedoop word?"*

En dit gaan ook ons tema wees vanaand:

**Moet ons kinders ook gedoop word?**

* * * * *

***Oorsig***

Maar voor ons hierby kom
kom ons kyk net gou na die doop in die algemeen.
En ek dink hier's drie belangrike sake wat ons ingedagte moet hou.

**A.** Die eerste is dat die doop *vir gelowiges*    nie vir almal nie
wys en waarborg[4]    dat net soos die water-doop oor ons spoel
Christus sy uitverkore volk met die Heilige Gees gedoop het

- sodat die Heilige Gees oor ons kom
  en met die wedergeboorte ons lewendig maak
  uit ons totaal verdorwe-sondedood.[5]

- En dan in ons geloof bewerk
  sodat die Heilige Gees ons
  deur die geloof na Christus toe kan laat gaan
  en deur die geloof in Christus kan inlyf.[6]

3 Vgl Williamson, The Heidelberg Catechism, bl 123.

4 Vgl Sondag 26 v/a 69-70; Son 26.docx

5 Sondag 3 v/a 8

6 Sondag 7 v/a 20 en Sondag 20

*Opmerking*
Paulus sê in 1Kor 12:13
dat ons deur die Gees *in* Christus *in* gedoop is.

**B.** En dan in Christus
ontvang elke ware-gelowige die afwassing
van al ons sondes in die bloed
van die een offer van Christus op Golgota.

En ook daarvan is elke ware gelowige se water-doop
'n teken en 'n waarborg.

*Verduidelik*
Want net soos die doop-water oor ons spoel
en die vuilheid van ons liggame afwas
net so het die bloed van Christus al ons sondes weggeneem
sodat ons regverdig voor God kan staan
en rein sonder sonde by God kan wees.

**C.** En daarom weer by God in sy verbond tot in ewigheid kan leef.
En ook daarvan is ons doop 'n teken en 'n waarborg.

*Verduidelik*
Dit wys ons en waarborg ons dat ons *by* Christus
en *gewas* in Christus ook ewig by God in die verbond is.
En vir Hom kan sê: 'Vader'.

En dit geliefdes wys en waarborg die doop
*in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*
vir elke ***uitverkore-gelowige***.

* * * * *

Ja die doop is 'n teken en waarborg vir ***gelowiges***
dat al hierdie dinge uit genade alleen 'n werklikheid

in my lewe geword het!

En in ***Sondag 26*** en ***Sondag 27 v/a 72-73*** leer en bely ons dit
so wonderlik vanuit die Skrifte.

* * * * *

***Terug by vanaand***

Maar dadelik bring dit ons terug by vanaand
en by ***Sondag 27 v/a 74*** ...
en ons baie belangrike tema-vraag:
*“Moet die jong kinders (of babas) ook gedoop word?”*

Want hulle glo tog nie!
En die water-doop is tog ‘n teken en waarborg vir *gelowiges*.

So hoe moet ons hierdie saak nou verstaan?

**Ja, moet ons kinders ook gedoop word?**

Nou om die antwoord op ons vraag te kry
gaan ons stilstaan by:

- NT gegewens oor die doop.
- 'n Waarneming vanuit hierdie gegewens oor gelowiges en hulle huisgesinne.
- Wat God se verbond met Abraham oor hierdie waarneming sê.
- Wat *die teken* van die Abraham-verbond oor hierdie waarneming sê.
- Wat ons uit dit alles leer oor die kinderdoop.
- En die oproep wat die kinderdoop op ons maak.

**1.** So kom ons begin dan by **die NT gegewens oor die doop**.

**A.** En die eerste een kry ons in ***Mat 28:19***
waar Jesus die doop ingestel het.

Dis daar waar Jesus vir sy dissipels sê:
*“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies (of volke),*
***en doop hulle*** *in die Naam*

*van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ...”*

*Verduidelik*[7]
Nou ... wanneer Jesus se gestuurde dissipels
na al die volke toe moet gaan
om van die volke dissipels te maak ...
dan beteken dit dat hulle die Evangelie
van Jesus Christus aan al die volke moet gaan verkondig.

*Bewys*[8]
So klink Jesus se bevel in ***Mat 28:19*** ook
as Markus daarvan vertel in ***Mark 16:15***
en Jesus daar sê:
*“Gaan die hele wêreld in*
*en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.”*

En nou’sit op hierdie manier van Evangelie verkondiging
dat die Heilige Gees met die Evangelie-woord
wat die dissipels verkondig
in die uitverkorenes uit elke volk die wedergeboorte bewerk
en die geloof in Jesus ...
sodat al die uitverkorenes uit al die volke
gelowige dissipels van Jesus kan word.

En nou’sit hulle ... hierdie gelowige dissipels ...
wat dan ook gedoop moes word.

Maar baie belangrik ...
Vanuit ***Mat 28:19*** is dit duidelik ...
dat hulle eers gedoop is *nadat* hulle gelowig geword het.[9]

---

7 Vgl Son 12(d). docx

8 Vgl Floor, Die heilige doop in die NT bl 30-31.

*Gevolgtrek*

So ... hier in Jesus se doop-bevel sien ons 'n belangrike volgorde.

Eers geloof dan doop.

So ... as ons net ***Mat 28:19*** gehad het.

En ons moes uit ***Mat 28:19*** die vraag antwoord

oor of babas gedoop moet word ...

dan sou ek verseker *nee* geantwoord het.

* * * * *

**B.** En so is dit ook in ***Mark 16:16*** as daar staan:

*"Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word;*

*maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word."*

*Verduidelik*

Nou ... hier in ***Mark 16:16*** gaan dit heel eerste

oor die baie belangrike saak

dat geloof en doop altyd moet saamgaan.

Doop sonder geloof red jou nie.[10]

Maar tog ... ook hier is dit duidelik

dat gepraat word oor doop

nadat iemand tot geloof gekom het.

Dus, weereens, net soos by ***Mat 28:19***,

kry ons die volgorde van eers glo en dan doop.

Iets wat by die doop van babas beslis nie die geval is nie.[11]

* * * * *

**C.** Nou ... as ons van die Evangelies

na die boek Handelinge toe gaan ...

---

9 Wat belangrik is, is dat die dissipels dissipels moet maak van al die volke. Die Griekse woord vir 'die volke' is τα εθνη. Hierdie woord is onsydig. Wanneer Jesus dan sê: *"en doop hulle"* dan is die 'hulle' die Griekse woord αυτους. Hierdie woord is manlik. Dit wys dus nie terug op die volke nie, maar op individue uit die volke (vgl Van Bruggen se Mat komm bl 476). Volke word nie sommer maar net voor die voet gedoop nie. Nee, gelowige individue uit die volke (αυτους) word gedoop nadat hulle tot geloof gekom het (vgl Hendriksen se Mat komm bl 1000).

10 Vgl Floor, Die heilige doop in die NT bl 31-32.

11 Vgl Hendriksen se mat komm bl 1000; Grosheide se Hand komm vol 1 bl 92; Bock se Hand komm bl 149.

hoor ons in ***Hand 2:38*** vir die eerste keer van die doop.

Dis daar waar Petrus na sy Pinkster-dag-preek
vir die wat deur hulle sondebesef aangegryp was gesê het:
*"Bekeer julle,*
*en laat elkeen van julle gedoop word*
*in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes ..."*

En weereens net soos by Mat 28:19 en Mark 16:16
is hier by ***Hand 2:38*** eers geloof en bekering
en eers daarna kom die doop.

*Bewys*
***Hand 2:41*** bevestig dit vir ons as'it sê:
*"Die wat toe (Petrus se) woord met blydskap aangeneem het,*
*is gedoop ..."*

So in ***Hand 2:38&41*** gaan dit weereens
nie oor die doop van babas nie
omdat ons ook hier die volgorde het
van eers glo en dan doop.[12]

* * * * *

**D.** Lees ons verder kom ons by ***Hand 8:12***
waar ons hoor van Filippus, een van die diakens van Hand 6,[13]
se evangelisasie werk as daar staan:
*"Maar **toe** hulle Filippus geglo het,*
*wat die evangelie ... verkondig het,*
*is hulle gedoop, manne sowel as vroue."*

*Verduidelik*
So hoor u wanneer is die manne en vroue

12 Vgl voetnoot 13.

13 Vgl Reformation study Bible bl 1569,

vir wie Filippus gepreek het gedoop?

Dit was eers toe hulle geglo het.[14]
Dus, eers geloof    en toe daarna doop.

*****

**E.** En ons hoor dit ook in ***Hand 8:36-37***.
Dis daar waar Filippus aan ‘n Etiopiër die Evangelie verkondig.

Filippus was saam met hierdie Etiopiër op ‘n wa
en so in die ry het Filippus die Evangelie
aan hom verkondig.

En toe *“terwyl hulle voortreis op die pad,*
*kom hulle by water; en die (Etiopiër) sê vir hom:*
*Daar is water;*
*wat verhinder my om gedoop te word?”*

Dis toe dat Filippus vir die Etiopiër in ***vers 37*** gesê het:
*“As u glo met u hele hart, is dit geoorloof.”*

*Verduidelik*
Hoor u dit?   Wat Filippus hier sê
is dat daar gedoop mag word
*eers* as die Etiopiër bely dat hy waarlik glo.[15]

So weereens kry ons die volgorde
wat ons nog die hele tyd raak sien.
Eers geloof    en dan daarna doop.

---

14 *Maar **toe** hulle Filippus geglo ... het* is ‘n tyd-bysin ingelei deur ὅτε (vertaal met ‘toe’), by die hoof-ww (*‘is hulle gedoop’)*. Hierdie tyd-bysin sê wanneer hulle gedoop is. En dit wys my dat dit beslis nie was voor hulle tot geloof gekom het nie (vgl Greek grammer beyond basics bl 659, 677; Baljon bl 701).

15 In vers 37 gee Filippus ‘n altydgeldende voorwaarde (Binnewerk bl 66; Calvyn se Hand komm bl 362-363).

En so is dit ook in ***Hand 9:18*** by die doop van Paulus
en in ***Hand 10***[16] en ***Hand 11*** by die doop van Cornelius
en die wat by hom was.

* * * * *

**F.** Maar kom ons nou by ***Hand 16***
die volgende plek in Hand waar ons hoor van doop
dan sien ons iets baie interessant en belangrik.

Want in ***Hand 16:13*** hoor ons
dat Paulus in Filipi die Evangelie verkondig het.

En dan sê ***Hand 16:14*** ...
*"En 'n vrou met die naam van Lídia ... het geluister;*
*die Here het haar hart geopen*
*om ag te gee op wat deur Paulus gesê is."*

En dan sê ***Hand 16:15***
*"En ... sy **en** haar **huisgesin** is gedoop ..."*

*Verduidelik*
Hoor u dit? Ons hoor hier *net* van Lidia
wat deur die HERE tot geloof gebring is.

En tog haar ***huisgesin*** word ook gedoop.
Saam met haar gedoop.
Sonder dat daar gesê word
dat almal in die huisgesin geglo het.

* * * * *

**G.** Ons sien hierdie werklikheid ook
verder aan in ***Hand 16*** by ***vers 31-34***.

16 Hand 10:47-48.

Paulus-hulle is hier steeds in Filipi.
Maar soos so baie kere te vore
word Paulus-hulle ter wille van die Evangelie Van Jesus vervolg.[17]

Van ***Hand 16:19*** af hoor ons
hoe Paulus-hulle daar in Filipi gemartel word
en in die tronk beland.

Maar dan laat ons HERE 'n wonder gebeur.
Hy stuur 'n aardbewing. Die tronkdeure gaan oop.
Die boeie val af. So vertel ***vers 25-26***.

En toe? Wel ***vers 27*** vertel
dat die tronkbewaarder selfmoord wou pleeg,
omdat hy gedink het
dat al die gevangenis ontsnap het.

Dis toe dat Paulus in ***vers 28***
*"met 'n groot stem geroep en gesê (het):*
*Moenie jouself kwaad aandoen nie,*
*want ons is almal hier."*

En net daar gee die HERE weer vir Paulus-hulle 'n geleentheid
om die Evangelie te verkondig.
Want ***vers 30*** vertel
dat die tronkbewaarder na Paulus-hulle gekom en gevra het:
"*Menere, wat moet ek doen om gered te word?"*

Toe antwoord Paulus-hulle in ***vers 31***:
*"Glo in die Here Jesus Christus*
*en jy sal gered word,* ***jy en jou huisgesin****."*

17 Jesus het mos gesê dit gaan gebeur. Byvoorbeeld in Joh 15:20 ... waar Jesus sê: *"As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg."*

En kom ons by ***vers 33*** staan daar:
*"en hy is onmiddellik gedoop, **hy en al sy mense**."*

*Verduidelik*[18]
Hoor u? Dis nes by Lidia.
Ons hoor ***net*** van die tronkbewaarder wat glo.[19]
En tog word sy gesin saam met hom gedoop.

Ja al sy mense sonder uitsondering sê ***vers 33***.
Sonder dat gesê word
dat ***al*** sy mense of sy ***hele*** huisgesin kop vir kop geglo het.

*Opmerking*
En dan moet ons daarby onthou
dat in'ie OT en die NT 'n huisgesin 'n plek is
*waar daar beslis ook babas kan wees.*[20]

* * * * *

So sien u? Tot dus ver was mense gedoop
wat klaar geglo het.

Maar in ***Hand 16:15*** en ***Hand 16:31-34***
word huisgesinne gedoop.
Sonder dat daar gesê word
dat die hele huisgesin geglo het.
Nee elke keer word vertel net van die ma of die pa wat geglo het.

* * * * *

18 Die gen konstruk οι αυτου παντες sê vir my dat οι παντες aan die tronkbewaarder behoort (Greek grammer beyond basics bl 82, 348). οι παντες sluit regtig almal in (Baljon bl 748). Wat hier opval is dat nie gesê word dat *almal wat geglo het* in die huisgesin van die tronkbewaarder gedoop is nie. Nee, almal wat aan hom behoort is gedoop. Maar heel eerste val die klem op hom. Dit wat met hom as hoof van sy huisgesin gebeur het 'n belangrike effek vir almal wat aan hom behoort (Floor, Die heilige doop in die NT, bl 42; Reymond, A new systematic theology of the Christian faith, bl 942).

19 Hand 16:34

20 Vgl TDNT vol 5 bl 120; Floor, Die heilige doop in die NT bl 42,45.

**2.** En net hier's ons by ons tweede punt
waar ons 'n belangrike **waarneming moet maak oor gelowiges en hulle gesinne**.

Ja ons moet iets belangriks raaksien
oor gelowiges en hulle huisgesinne.

*Opmerking*
Want dit gaan ons help met 'n antwoord op ons vraag van:
'Moet ons ons kinders laat doop'.

En hierdie iets oor gelowiges en hulle gesinne
sien ons veral by ***Hand 16:31-34***
waar ons hoor van die tronkbewaarder van Filipi se bekering.

So kom ons zoom hierop in.

**A.** In ***vers 30*** vra die tronkbewaarder vir Paulus-hulle:
*"Menere, wat moet ek doen om gered te word?"*
En dan sê Paulus-hulle: *"Glo in die Here Jesus Christus ..."*

*Verduidelik*[21]
Sien u?
Wanneer Paulus-hulle hierdie tronkbewaarder oproep met:
*"Glo in die Here Jesus Christus ..."* dan'sit 'n opdrag *vir hom*.

Ons kan'it ook vertaal met:
'***Jy*** moet glo in die Here Jesus Christus.'

Ja ***jy*** enkelvoud
***jy*** wat in die krisis van verlorenheid vasgevang sit

21 πιστευσον = aor imperat akt 2de ev van πιστεύω. Met πιστευσον word die tronkbewaarder dus opgeroep om te glo/ te vertrou. Net hy alleen word hier opgeroep om te glo. Die ev ww wys dit.

***jy*** moet glo in die Here Jesus.

En die gevolg?[22] Wel in ***vers 31*** sê Paulus-hulle:
*"Glo in die Here Jesus Christus*
***en*** *jy sal* ***gered*** *word,* ***jy en jou huisgesin****."*

*Verduidelik*[23]
Sien u? ***Jy*** moet glo! En dan?
Jy ***en jou huisgesin*** sal gered word.

Gryp'it u nie aan nie!
Die tronkbewaarder glo die pa glo
en op 'n manier kom daar dan redding nie net vir hom nie
maar ook vir sy huisgesin.

*Opmerking*[24]
En dis vir Paulus belangrik dat ons'it moet raak sien.
Hierdie fokus op die pa.

Hy is die ou wat sy verlorenheid besef.
Hy is die ou wat smeek.
Hy is die ou wat glo.

---

22 Die και by και σωθηση is na my mening gevolg aanduidend. Want in **Efes 2:8** hoor ek: χαριτι εστε σεσωσμενοι δια της πιστεως. Die δια της πιστεως wys hier op die middel waardeur God se verlossingswerk deur Christus (**Mat 1:21**; **2Tim 2:8-9**; **Tit 3:4-5**) 'n werklikheid word in my lewe (Greek grammer beyond basics bl 368-369; Reymond, A new systematic theology of the Christiasn faith, bl 730-731; Calvyn se Hand komm vol 2 bl 121-122; Bock se Hand komm bl 542). ***Dus:*** **vers 31a-b** sê vir my: 'vertrou volkome op die Here Jesus Christus en jy, ja jy en jou huisgesin, sal gered word, want redding word 'n werklikheid deur die geloof'. Of dan: 'vertrou volkome op die Here Jesus Christus sodat jy, ja jy en jou huisgesin, gered kan word.'

23 Wat hier baie belangrik is, is dat ek te doen het met 'n saamgestelde subjek – συ και ο οικος σου – maar met 'n ev ww (σωθηση). In so 'n geval val die klem op die eerste subjek – συ. Ja, die feit dat die tronkbewaarder gered sal word staan op die voorgrond. Tog deel ο οικος σου ook in die redding, juis omdat hulle deel is van die subjek (Greek grammer beyond basics bl 402).

24 Die saamgestelde subjekte by σωθηση (**vers 31**) en εβαπτισθη (**vers 33**) laat die klem telkens baie sterk op die tronkbewaarder se optrede val (Greek grammer beyond basics bl 402). Ons sien ook hierdie klem op die tronkbewaarder in **vers 34**: ηγαλλιασατο = aor ind deponent van ἀγαλλιάω, met die betekenis van 'hy was bly'/ 'hy was vol vreugde' (Baljon bl 4). Die ev ww en die ev part (πεπιστευκως) plaas weereens – soos by die saamgestelde subjekte in **vers 31** en **vers 33** – die klem op die tronkbewaarder. Hy staan hier in die fokus. Maar wat met hom gebeur het 'n effek op sy hele huis. Hulle is saam met hom (πανοικι) in hierdie nuwe ding (Grosheide se Hand komm vol 2 bl 107; Floor, Die heilige doop in die NT, bl 42).

Die Griekse teks is ook so geskryf
dat hierdie tronkbewaarder en sy geloof regtig in die fokus staan.

Maar juis dan moet dit ons so aangryp!
Dis nie net vir hom dat daar redding kom nie.
Nee hy glo en bekeer.
En dan kom daar redding ook vir sy huisgesin.

* * * * *

**B.** Ja, 'n pa glo en dan kom daar redding vir sy huisgesin.
Ons sien'it ook as ons terug blaai na ***Luk 19:1-10***.
Daar gaan'it oor'ie bekering van Sagius die tollenaar.

*Bewys*[25]
Dat hy regtig tot bekering gekom het
sien ons in'ie radikaal nuwe-lewe wat hy begin leef.

***Luk 19:8*** vertel daarvan.
Dis waar Sagius vir Jesus sê:
*"Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes;*
*en as ek van iemand iets afgepers het,*
*gee ek dit vierdubbel terug."*

Dis dan dat Jesus in ***vers 9*** vir hom sê:
*"Vandag het daar redding vir hierdie **huis**(gesin) gekom ..."*

*Verduidelik*[26]
Sien u die ooreenkoms met ***Hand 16:31-34***
en die bekering van die tronkbewaarder?

---

25 Sondag 32 v/a 86; Calvyn se komm op die Sinop Evang vol 2 bl 436; Bybel met verklarende aantekeninge vol 3 bl 224-225

26 Vgl Verwysings-Bybel 1983 vertaling, bl 1297; Calvyn se komm op die Sinop Evang vol 2 bl 437.

Die tronkbewaarder glo en bekeer

en daar's redding vir sy gesin.

En hier in ***Luk 19:9*** is'it weer so.

Sagius glo en bekeer.  En dan sê Jesus:

*"Vandag het daar redding vir hierdie **huis** gekom ..."*

* * * * *

Maar hoekom?

Hoe is'it dat die tronkbewaarder glo  en Sagius glo

en daar dan redding kom  nie net vir hulle nie

maar ook vir hulle huisgesinne?

Wel  in ***Hand 16:31-34***  hoor ons nie hoekom nie.

Maar in ***Luk 19:9*** gee Jesus die rede

net verder aan in ***Luk 19:9***  waar Jesus vir Sagius sê:

*"Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom,*

***aangesien** (of omdat) **hierdie man ook 'n seun van Abraham is**."*

*Verduidelik*[27]

Hoor u?  Daar's redding vir Sagius en sy gesin

*omdat*[28] Sagius 'n kind van Abraham is.

Hoe  is dit dat Sagius 'n kind van Abraham is?

Wel  Paulus leer ons  as hy in Gal 3:7 sê:

*"Julle verstaan dan*

*dat die **wat uit die geloof is**,*

*hulle is kinders van Abraham."*

En dis hoe Sagius is.  Hy's uit die geloof.

Maar dis ook hoe Lidia  en die tronkbewaarder van Filipi is.

Hulle is uit die geloof.

---

27 Vgl Calvyn se komm op die Sinop Evang vol 2 bl 437; Godet se Luk komm vol 2 bl 218; Bybel met verklarende aantekeninge vol 3 bl 225.

28 'Omdat' is die vertaling van καθοτι wat in hierdie sin 'n redegewende betekenis het (Baljon bl 473).

En daarom is hulle kinders van Abraham.

En dan? Wel dan so leer Jesus in ***Luk 19:9***
dan is daar redding ***ook*** vir ons gesinne!!!

**3.** Hoekom? Wel dit begin ons sien
wanneer ons in die derde plek fokus
op'**ie HERE se verbond met Abraham**.

En dis veral Sagius
vir wie Jesus in ***Luk 19:9*** 'n seun van Abraham noem
wat ons na die HERE se verbond met Abraham neem.

Hoekom?
Wel omdat die HERE sy genade-verbond gesluit het
met Abraham en sy kinders.

*Bewys*
Ons hoor'it as die HERE in ***Gen 17:7*** vir Abraham sê:
*"Ek sal my verbond oprig tussen My en jou*
*en jou nageslag (jou kinders jou seuns en dogters) ná jou*
*in hulle geslagte as 'n ewige verbond,*
*om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou."*

En wat sê dit vir Sagius en Lidia en die tronkbewaarder van Filipi
en ons wat glo en bekeer?

*Verduidelik*
Wel'it sê:
die HERE se verbond met Abraham en sy kinders
is ook met ons.
Want Paulus leer in Gal 3:7

dat gelowiges kinders van Abraham is.[29]

Maar dit sê ook  dat die HERE  steeds in die NT[30]
net soos Hy met gelowige Abraham en sy *huisgesin* 'n verbond het
ook met gelowige Sagius  en gelowige Lidia
en die gelowige tronkbewaarder ***en*** hulle *gesinne* sy verbond het.[31]

* * * * *

*Oorgang*

En nou'sit wanneer ons meer leer
oor'ie teken van hierdie verbond
dat ons gaan agter kom  hoe dit moontlik is
dat daar redding kom vir die huisgesinne
van Sagius  en Lidia  en die tronkbewaarder
terwyl ons net hoor van hulle wat geglo en bekeer het.

**4.** En dis ons vierde punt:
**Die teken van die Abraham-verbond**.

Nou  oor'ie teken van'ie Abraham-verbond vertel ***Gen 17:9-14***.

Dis waar die HERE vir Abraham sê:[32]
*"julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word,*
***en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle****.*
*'n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word,*
*al wat manlik is in julle geslagte ... moet sekerlik besny word ..."*

---

29 Vgl Bybel met verklarende aantekeninge vol 3 bl 225.

30 Ek gaan hier baie sterk uit van die kontinuïteit van die HERE se verbond met Abraham. Ek grond myself in Hand 2:39; 1Kor 7:14; Gal 3:7, 17; Efes 6:1 (vgl Horton, The Christian faith – A systematic theology fot Pilgrims on the way, bl 794, 796; Reymond, A new systematic theology of the Christian faith bl 941-944).

31 Vgl Reymond, A new systematic theology of the Christian faith bl 941-944; Robertson, The Christ of the covenants, bl 148-149, 152; Doopformulier.

32 Gen 17:11-13

So dis'ie teken.    Maar nou'sie vraag:
Waarop het hierdie besnydenis-teken gewys?

*Verduidelik*[33]
Wel   die voorhuid wat afgesny moes word
het gewys op ons sondige-ou-verdorwe-natuur
wat  afgesny moes word.

Dit het gewys
dat ons gereinig moes word van ons sonde.

Dit het gewys
dat ons 'n nuwe hart moes kry
waaruit daar liefde    in plaas van haat    kom.

*Bewys*[34]
Daarom dat Moses in Deut 10:16 vir Israel sê:
*"Besny dan die voorhuid van julle hart*
*en verhard julle nek nie verder nie."*

Maar nou'sit ons krisis:
Ons kan net nooit hierdie hart-besnydenis
waarop die uitwendige besnydenis-teken wys
regkry nie.   Dis ons krisis.[35]

*Bewys*
Paulus praat daaroor    as hy in Rom 8:7 sê:
*"wat die (sondige   onbesnede) vlees bedink,*

33 Vgl Robertson, The Christ of the Covenants, bl 150, 153, 156;  Horton, The Christian faith – A systematic theology fot Pilgrims on the way, bl 788.

34 Daarom dat die HERE in Jer 4:4 vir Juda sê: *"Besny julle vir die HERE en verwyder die onbesnedenheid van julle hart ... dat my grimmigheid nie soos 'n vuur uitgaan en brand sonder dat iemand kan blus nie, weens die boosheid van julle handelinge."*

35 HK Sondag 2-3; NGB art 14-15; D 3/4:1-5

*is vyandskap teen God;*
*want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie,*
***want dit kan ook nie**.”*

Dis ons krisis.    Daarom dat Moses in Deut 30:6 sê:
*“**die HERE jou God sal jou hart besny***
***en die hart van jou nageslag**,*
*om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart ...*
*dat jy kan lewe.”*

*Verduidelik*[36]
En dis waarop die besnydenis wys.
Dit wys die HERE het 'n verbond met Abraham
en sy gelowige nageslag    en hulle huisgesinne.

Dit wys hoe die HERE oor ons genadig is
en ons red uit die oordeel    en ons reinig van ons sonde
sodat Hy ewig by ons    en ons kinders kan leef
in 'n verbond van liefde.

* * * * *

*Toepassing*
En net hier    sien ons
waarom daar redding gekom het vir die huisgesinne
van Sagius   en Lidia   en die tronkbewaarder van Filipi.

Daar't redding gekom   vir hulle huisgesinne.
Want die dag toe die HERE hulle tot geloof gebring het
en uit genade alleen van hulle kinders van Abraham gemaak het
het hulle en hulle gesinne deel geword van die verbond
wat die HERE in Gen 17 met Abraham gesluit het.

36 Vgl Robertson, The Christ of the Covenants, bl 150, 153, 156

En in sy verbond beloof die HERE redding
vir gelowiges en hulle huisgesinne.
En Hy wys dit met die teken van die besnydenis.

*Verduidelik*[37]
Ja die HERE beloof en Hy wys:
'Ek die HERE het my skeppingsdoel nie op gegee nie.
Ek het in die begin alles goed geskep.'

'Deel daarvan was 'n gesin
met wie Ek 'n verbond gehad het
wat hulle met hulle sondeval verwoes het.'

'Maar in my oneindige liefde
gee Ek hulle net nooit prys nie.'

'Nee Ek kom na die mens.
Ek bring hulle tot geloof.
Ek bring hulle terug na My toe.
En Ek rig my genade-verbond met hulle op.
Met hulle en hulle kinders.'

'En in die genade-verbond bring Ek redding
vir hulle en hulle kinders.'

Want Ek is die HERE van Wie My Kneg Moses gesê het:
*“die HERE jou God sal jou hart besny*
***en die hart van jou nageslag**,*
*om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart*
***dat jy kan lewe**.”*

37 Vgl Robertson, The Christ of the Covenants, bl 152

Daarom dat Jesus daardie dag
toe Sagius tot bekering gekom het   in ***Luk 19:9*** gesê:
*"Vandag het daar redding **vir hierdie huis** gekom ..."*

Daarom dat Paulus vir die tronkbewaarder van Filipi
in ***Hand 16:31*** gesê het:
*"Glo in die Here Jesus Christus*
*en jy sal gered word, **jy en jou huisgesin**."*

Ja   Jesus   en Paulus   het redding vir gesinne verkondig
toe pa's   en ma's tot bekering gekom het
nie oor iets wat die gesinne gedoen het nie.

Nee   die teks praat nie
oor wat die huisgesinne gedoen het nie.

Nee!   Daar het redding vir gesinne gekom
toe pa's   en ma's deur die HERE tot bekering gebring is
***omdat die HERE daar is***
met sy verbond-van-genade
en met sy belofte van redding
vir gelowige ouers ***en*** hulle kinders!!

* * * * *

**5.** Maar **wat sê dit alles**
**oor hoe ons die doop van Lidia**
**en die tronkbewaarder se gesinne moet verstaan**?
En dis ons vyfde punt.

Wel   wat ons moet raaksien
is'at Lidia en die tronkbewaarder   nou   saam met hulle gesinne
deel is van die genade-verbond
wat die HERE in Gen 17 met Abraham gesluit het.

In hierdie verbond beloof die HERE redding
vir gelowiges en hulle kinders.

En in die OT het die HERE die besnydenis gegee
waarmee Hy hierdie verbondsbelofte gewys en gewaarborg het.

En nou in die NT?
Wel   nou mag ons nie meer besny nie.
Ons sien'it bv in Hand 15 en Gal 5:2.[38]

*****

Maar beteken'it dan
dat daar nou in die NT glad geen teken is
waarmee die HERE sy belofte
van redding vir gelowiges en hulle kinders
in die genade-verbond wys en waarborg nie?

Nee   daar is.   Die doop.

Die doop    wat Jesus ingestel het
toe Hy vir sy dissipels in Mat 28:19 gesê het:
*"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies,*
*en doop hulle in die Naam*
*van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..."*

Dis hierdie doop
wat in die plek van die besnydenis gekom het.

*Verduidelik*
Paulus praat daaroor
as hy in Kol 2:11 ons leer
dat die besnydenis nie meer nodig is nie
omdat dit wat die HERE met die besnydenis gewys het

38 Vgl Robertson, The Christ of the Covenants, bl 158-159

vervul is in Christus.

Dis vervul in Christus omdat Christus ons besny het.
Nie fisies nie. Nee! Christus het ons besny
want deur Christus se verlossingswerk aan die kruis
maak die HERE sy belofte van Deut 30:6 'n werklikheid.

Daardie belofte waar Moses sê:
*"die HERE jou God sal jou hart besny*
***en die hart van jou nageslag** ..."*[39]

En as Paulus dan van Kol 2:11 na Kol 2:12 toe gaan
dan leer hy dat dit alles gebeur op daardie moment
wanneer die Heilige Gees jou weer laat gebore word
en ons so in Christus in doop.[40]

En van dit alles is die water-doop nou in die NT 'n teken.[41]

* * * * *

So sien u? Gelowige Lidia
en die gelowige tronkbewaarder van Filipi
is nou saam met hulle gesinne deel van die verbond
wat die HERE in Gen 17 met Abraham gesluit het.

In hierdie verbond beloof die HERE redding
vir gelowiges en hulle kinders.

In die OT het die HERE die teken van besnydenis gegee
waarmee hy hierdie belofte wys en waarborg.

---

39 Vgl TWOT vol 1 bl 495; NIDOTTE vol 2 bl 869; Beale, A New testament Biblical theology, bl 806-808; Bruce se Kol komm bl 104; Ridderbos se Kopl komm bl 180;

40 Vgl Beale, A NT Biblical theology, bl 809-810

41 Vgl Robertson, The Christ of the Covenants, bl 162-166; Horton, The Christian faith – A systematic theology fot Pilgrims on the way, bl 789-790, 794-796.

En nou in die NT?
Wel nou gee die HERE die doop
waarmee Hy wys wat Hy *alleen* doen
om redding vir gelowiges en hulle gesinne te bewerk.

En dan? Wel dan word Lidia en die tronkbewaarder gedoop
wanneer hulle glo en bekeer
nes Abraham besny is nadat hy geglo en bekeer het.

En dan? Wel net soos Abraham se huis toe ook besny is
is Lidia en die tronkbewaarder se huise toe ook gedoop.
En ook ons huise
wanneer ons glo en bekeer.

Want met die doop wys die HERE wys ons:
*"(Ek) sal jou hart besny* ***en die hart van jou nageslag****,*
*om (My) lief te hê met jou hele hart ... dat jy kan lewe."*

*Toepassing*[42]
Ja dit kan nie anders nie.
As die HERE beloof dat Hy redding bring vir ons huise
dan gee Hy ook 'n teken en 'n waarborg daarvan.

In die OT was'it die besnydenis.
Nou in die NT is'it die doop.

En wanneer ons dan gelowig-nederig al hierdie dinge in ag neem.
Wat dan?
Wel dan laat ons ook ons kinders doop.

**6.** Maar ons word ook diep in die hart getref
deur'ie oproep van'ie doop.

42 Vgl Horton, The Christian faith – A systematic theology fot Pilgrims on the way, bl 794-796.

En hiermee sluit ons af.
Ja wanneer ons ons kinders laat doop
tref'**ie oproep van die doop** ons ook.

Want met die doop wys die HERE en waarborg die HERE:
'Ek bring redding vir gelowiges en hulle huise.'

Hoe? Wel altyd soos wat die HERE dit
vir Sagius en Lidia en die tronkbewaarder gebring het.

En hoe is dit? Wel deur'ie prediking van die Evangelie.
Of die roeping van die Woord.[43]

*Verduidelik*
Daardie Woord van Jesus wat sê:
'kom na My toe almal wat vermoeid en belas is
en ek sal julle rus gee!'

Want dis deur die Evangelie-woord
dat die die Heilige Gees aan die werk gaan

- en die HERE ons harte
- en die harte van ons kinders besny
- en weer gebore laat word
- en ons laat glo en bekeer en ons inlyf
  in Jesus en sy velossende-reinigende-bloed
  sodat ons verewig by die HERE in die verbond kan leef.[44]

Ja dis hoe.
Dis hoe die HERE redding in ons huise bring.
Op geen ander manier nie!!

43 DL 3/4:8

44 DL 3/4:6-17

*Toepassing*

Daarom dat Moses in Deut 6: 6-7 ons vermaan en sê:
*"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel,*
*moet in jou hart wees;*
*en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek*
*as jy in jou huis sit en as jy op pad is*
*en as jy gaan lê en as jy opstaan."*

Daarom dat die apostel met die selfde erns in Efes 6:4 sê:
*"En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie,*
*maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."*

Daarom dat ons by die doop van ons kinders beloof
om ons kinders *"in die leer te onderrig en te laat onderrig."*

Daarom dat ons op ons knieë bid
vir die redding van ons kinders.
Terwyl ons baie maal met trane oor ons kinders sê:
'HERE u het dit dan beloof!'

Daarom dat ons Huisgodsdiens hou.
En ons kinders leer en wys
hoe jy glo in Jesus en Hom aanneem
en hoe jy bid vir redding.

Daarom dat ons begaan is
oor wat ons kinders geleer word op skool.
En seker maak dat die skool-kurrikulum en die huis en kerk
die selfde Bybelse-waarhede verkondig.

**Slot**

Want geliefdes die HERE het redding beloof
vir gelowiges en hulle gesinne.

Redding wat die HERE 'n werklikheid maak
deur geloof en bekering
wat Hy opwek met sy Woord   wat ouers preek.

Daarom   geliefdes laat ons tog luister as Pas 78 sê:
*"Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het,*
*sal ons nie verberg vir hulle kinders nie,*
*maar aan die volgende geslag vertel*
   *die roemryke dade van die HERE*
   *en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het ...*
*sodat die volgende geslag dit kan weet,*
*die kinders wat gebore word,*
*dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders,*
*en hulle vertroue op God kan stel*
*en die dade van God nie vergeet nie,*
*maar sy gebooie kan bewaar ..."*[45]

**Amen.**

## Antwoorddiens.

***Ons antwoord nou op die Woord met***   Ps 102: 1, 8, 12

***Gebed***

45  Ps 78:3-7

***Daar is nou geleentheid vir die diens van barmhartigheid.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| Psalm tydens kollekte | : | Ps | 34: 3, 5, 6 |
| Slotpsalm | : | Ps | 87: 1, 3, 4, 5 |

***Wegstuurseën.***

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**“Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.”**